



**Tema:** Wat is jou naam?
**Teks:** Genesis 32:22-31

Ek vermoed dat dit wat ons verwag in die Bybel (behoort te) staan en dit wat regtig daar staan is soms wêrelde van mekaar af - veral rakende die stories van oorsprong in Genesis. Jakob se verhaal val nogal in hierdie kategorie: Ons lees van`n vreemdeling wat skielik sy verskyning maak vanuit die donker; wat in 'n stoeigeveg betrokke raak. Jakob wat klaend probeer vasstel met wie hy stoei. Kruppel en verslaan klou hy vas aan die vreemdeling soos iemand wat besig is om te verdrink, en in pyn roep Jakob uit: "Ek sal jou net los as jy my seën…"

Daar is elemente in hierdie storie wat ouer is as die skepping. So, kom ons aanvaar nie sommer dat dit `n netjiese, opbouende betekenis het nie.

Jakob - seun van Isak en Rebekka, en Esau se jonger broer.  Die vader van die 12 stamme van Israel. Wie en wat was hy?

In Genesis 27 leer ken ons iets van Jakob se karakter. Sy pa, Isak, sit in sy tent. Die lig is swak, maar eintlik maak dit nie vir die ou man saak nie want hy is feitlik blind. Vir die ou man is daar nie meer 'n groot verskil tussen lewe en dood nie, maar ter wille van sy familie en hul toekoms is daar nog `n paar los ente wat hy op een of ander manier moet saambind.  En een van hierdie goed is om sy oudste seun te roep, en hom te seën. Maar nie seën soos ons soms daaraan dink nie. Dis nie BE BLESSED nie! Die laaste seën van sy eersgebore seun is die gewigtigste van almal, soveel so dat dit, sodra dit gegee is, dit nooit teruggeneem kan word nie.

Die seën is natuurlik bedoel vir Esau. "Wie is jy, my seun?" vra Isak. Jakob jok en antwoord: "Dit is ek, Esau", vermom in Esau se klere. Jakob beweeg nader, en Isak spreek sy seën oor hom uit. Jakob doen sy naam gestand. In Hebreeus

beteken dit *verdringer* – hy wat 'n ander se plek inneem. 'n Go-Getter.
Toe Esau hiervan uitvind, vlug Jakob vir sy lewe. Jakob slaap daardie nag in die veld. En hy droom - nie `n nagmerrie van iemand met `n skuldige gewete nie; nee, God verskyn aan hom in 'n droom so mooi dat dit jou wil laat huil, en maak 'n belofte dat die grondgebied waarop hy lê vir hom en sy nageslag bedoel is! Wie is hierdie God wat ons aanbid…?

Vanaf Gen 27-32 is dit intrige op intrige… Na Jakob lank weg was van die huis, breek die tyd om terug te keer. Hy is ryk en suksesvol met meer as een vrou en baie kinders – 'n 'gelukkige' man! Isak is lankal oorlede, en Jakob het alle rede om te glo dat Esau se woede bedaar het. Hierdie Jakob wat weet wat hy wil, en hoe om dit te kry, gaan terug om die beloofde geskenk te vat – en ek bedoel vat, want Jakob kry wat hy wil!

Wanneer Jakob by die Jabbokspruit kom, wat tussen hom en sy geskenk staan, stuur hy sy familie en gevolg na die anderkant van die rivier. Hy spandeer die nag op sy eie duskant die rivier. Mens wonder nogal hoekom…

En dan uit die diepte van die nag pak 'n vreemdeling hom beet. Jakob en God stoei in die donker… Die Hebreeuse woord vir "stoei" beteken "om stowwerig te word". Debie Thomas: *"…all of the epic battles of our lives — our battles with guilt, shame, fear, doubt, grief, or unforgiveness, our wrestling matches with family, friends, enemies, community, church, or creed — are ultimately battles with and about God. It is with God, and in relationship to God, and in God's all-encompassing presence that we fight the fights that bend, break, and* ***remake*** *us."*

Hul worstel en stoei reg deur die nag totdat die Vreemdeling met dagbreek Jakob se heup uit sy potjie laat spring. Mens kry van die begin af die gevoel dat dit eintlik die enigste uitslag kon wees – dat die Vreemdeling toegelaat het dat Jakob al sy krag gebruik en homself totaal uitput, sodat wanneer Jakob wel verloor, hy werklik sou weet dat hy nou totaal verslaan is; dat niks – nie sy slimmighede, of manipulasie, of brute krag gekombineerd genoeg sou wees om te wen nie.

Desperaat roep Jakob "Ek gaan U nie los voordat U my nie geseën het nie". Voor God vir Jakob seën vra Hy hom dieselfde vraag wat sy pa Isak hom gevra het: "Wat is jou naam?" Jakob se gedagtes moes teruggegaan het na daardie oomblik van misleiding. Dis nie asof God nie weet wie Jakob is nie, maar weet Jakob wie Jakob is?! "Ek is Jakob - die misleier, die *schemer*, wat voor indruk, wat weghol van al die chaos wat ek skep." Nou eers is Jakob oop en vry genoeg dat God hom kan herskep en seën met 'n nuwe identiteit. Want wat God vir ons gee kan nie verkry word deur brute wilskrag, slimmighede of strategie nie – ons kan dit net ontvang as 'n geskenk. God seën Jakob met 'n nuwe naam, Israel, wat beteken stoei met God. So, wat is *jou* naam?



**VIR KLEINGROEPE:**

**Ons ontmoet mekaar**

- Deel met mekaar jul hoogtepunte en laagtepunte van die afgelope week.
- Deel met mekaar waar jul name vandaan kom. Hoekom is jou naam jou naam?
- Waar het jul die afgelope week vir God raakgesien?

**Ons ontmoet God**

Steek 'n kers aan en raak bewus van God se teenwoordigheid. Doen die gebedspraktyd saam wat ons in die tyd inoefen.

**Ons luister en deel met mekaar**

Lees nou Genesis 32:22-31 en laat elkeen deel wat hulle daarin hoor.

- Wat in die erediens het jou gehelp in jou nadenke oor mens-wees?
- Lees weer Debie Thomas se aanhaling op bl 2. Hoe ervaar jy hierdie worsteling met God?
- Hoe help Jakob se verhaal jou in jou geloofsreis en soeke na identiteit?

**Ons sluit af**

Laat die groep deel hoe hulle in die komende week vir mekaar kan bid en ondersteun.

**GEBEDSPRAKTYK:**

Ons moedig lidmate aan om die volgende gebedsoefening daagliks te doen.

Word stil en raak bewus van God se teenwoordigheid by jou en in jou.
Wie is dié God?
Verbeel jou Hy kyk na jou?
Hoe kyk Hy na jou?
Wat is die uitdrukking in sy oë?
Wat dink jy voel Hy terwyl Hy na jou kyk?
Is daar iets wat jy graag vir Hom wil sê?
Is daar iets wat Hy dalk vir jou wil sê?
Laat die gesprek spontaan ontvou.
Rus 'n ruk lank in sy liefdevolle blik en wees net mens in sy teenwoordigheid.

